

Loslatings beleid van Boland Wedvlugduiwe Vervoer.

Die volgende stel reëls sal geld by alle loslatingspunte en is 'n uittreksel van die SANPO reël

14.13 REËLS VIR VERSORGING EN LOSLATING VAN WEDVLUGDUIWE.

14.13.1 SANPO is genoodsaak om standarde daar te stel vir die versorging van wedvlug duiwe vir die tydperk wat die duiwe vervoer word na die wedvlugpunt, en totdat die duiwe losgelaat word, en vir die loslating van die duiwe en die omstandighede by die loslating self.

14.14 VERSORGING.

14.14.1 Waterbakke en kos moet altyd beskikbaar wees op die voertuie sodat wanneer omstandighede so verander dat die duiwe kos en water moet kry die bakke daar is.

14.14.2 Ongeag wanneer duiwe gemandjie word moet duiwe water kry voordat hulle losgelaat word.

14.14.3 By die langafstand wedvlugte waar die duiwe Donderdagaand gekorf word is dit noodsaaklik dat daar genoeg kos saam vervoer word sodat indien die duiwe oorgehou moet word daar altyd kos is.

14.14.4 Die duiwe moet twee keer of meer per dag water kry, verkieslik die oggend na 10h00 en weer die middag. Die duiwe moet beslis water kry die volgende oggend voor loslating.

14.14.5 Die duiwe moet een of twee keer per dag kos kry. Die oggend na inkorwing net voor water gegee word en weer die middag voor water gegee word.

14.15 LOSLATINGS.

14.15.1 Geen duiwe mag losgelaat word in mis of reën nie

14.15.2 Geen duiwe mag losgelaat word as die sig nie redelik tot baie goed is nie.

14.15.3 Geen duiwe mag losgelaat word voor 15 minute na sonop nie.

14.15.4 Geen duiwe mag losgelaat word naby elektriese drade of ander obstruksie wat die duiwe by loslating kan beseer nie.

14.15.5 Geen duiwe mag op hoofweë en of ander paaie in verkeer losgelaat word nie.

14.15.6 Geen duiwe mag in temperature onder 5 grade losgelaat word nie.

14.16 BESERINGS.

14.16.1 Alle duiwe wat by loslating om een of ander rede nie kan vlieg nie moet deur die trokbestuurder terug geneem word na die organisasie waar die duif dan aan die eienaar terug besorg moet word.

BWV se besluit ivm.versorging van duiwe

A)Wanneer duiwe Vrydae gemandjie word sal hulle water kry voor loslating Saterdag oggend.

B)Wanneer duiwe Donderdae gemandjie word sal hulle die volgende oggend water kry voordat oefenduiwe gelos word te Laingsburg .

C)Duiwe sal kos en water kry wanneer trok by sy bestemming aankom.

D)Duiwe sal water kry soggens voor loslating.

Die volgende beleid sal geld waar wedvlugte/wedvlugtye a.g.v. omstandighede MOET skuif. Die besluite sal slegs deur die dagbestuur geneem word, behalwe waar hulle dit nodig ag om ook addisionele bestuurslede of bestuurslede van die onderskeie unies te raadpleeg.

1. Waar meer as een vragmotor geskeduleer is om op dieselfde loslaatpunt en op die selfde tyd of binne 20 minute van mekaar duiwe los te laat, sal die vragmotor waarvan die unie/s wie se duiwe die verste afstand moet aflê die opsie hê om hulle duiwe eerste los te laat. Die res van die vragmotors sal daarna volg ook gebaseer op watter unie se duiwe die verste afstand moet aflê.
2. Indien die weer dit nie toelaat dat duiwe op tyd soos per wedvlugprogram gelos word nie, sal die loslaat tyd vir alle vragmotors dienooreenkomstig aanskuif .
3. Indien die geskeduleerde loslating sodanig vertraag word dat die **meerderheid** van die duiwe nie 'n billike kans het om gedurende daglig die wedvlug te voltooi nie, sal sodanige wedvlug oorstaan tot die volgende dag (Sondag). Loslaat tye van Saterdag sal nou op Sondag geld.
4. Indien die Saterdag loslating na Sondag verskuif word, maar volgens beskikbare weervoorspellings sal die loslating ook nie Sondag oggend kan plaasvind nie, kan die Dagbestuur op 'n nadere loslaat punt besluit.
5. Die nadere loslaatpunt en die laatste tyd van loslating op Sondag moet dit moontlik maak vir die **meerderheid** van die duiwe om gedurende daglig die wedvlug te voltooi.
6. Indien die loslating nie betyds kan plaasvind soos verwys na in punt 5 hierbo, word die duiwe terug gebring na Worcester.
7. Sou die weersomstandighede sodanig verander en dit nie moontlik gaan wees om duiwe op Saterdag volgens die geskeduleerde program los te laat nie, kan die Dagbestuur besluit om die duiwe op 'n geskikte nader punt los te laat.
8. Die nadere loslaatpunt en die laatste tyd van loslating op Saterdag moet dit moontlik maak vir die **meerderheid** van die duiwe om gedurende daglig die wedvlug te voltooi.
9. Indien die duiwe nie op die Saterdag gelos word en die Dagbestuur besluit om die duiwe te laat oorstaan tot Sondag sal die reëling geld soos uiteengesit hierbo in punte 3 tot 6.

10. Indien die duiwe teruggebring word tot op Worcester aanvaar elke unie die verantwoordelikheid om hulle duiwe te kom afhaal of 'n alternatiewe reëling met die bestuur te tref. Sou 'n alternatiewe reëling met die bestuur getref word bly die welsyn en verantwoordelikheid van die duiwe steeds die van die betrokke unie.
11. Daar sal na die naaste alternatiewe loslatingspunt geskuif word Indien sekuriteit op 'n beplande loslaatpunt nie nawense is nie.
12. Die Dagbestuur kan besluit om JO en OPE duiwe saam te los en/of aftewyk van die loslatings volgorde soos uiteengesit op die amptelike wedvlugprogram. So 'n besluit sal slegs geneem word indien weersomstandighede ongunstig is of indien daar reeds 'n onvoorsiene vertraging by die loslaatpunt ontstaan.
13. In al b.g. gevalle sal die BV sekretaris die besluite so gou moontlik na die lede d.m.v sms'e kommunikeer.
14. Sou daar op enige stadium twyfel ontstaan oor die interpretasie van enige punt in hierdie Loslatings beleid van Boland Wedvlugduiwe Vervoer, sal die korrekte interpretasie dit wees wat deur die Dagbestuur daaraan geheg word.